**REEKS:** Jakobus

**TEMA:** Deel 4

## MAKLIKER GESÊ AS GEDAAN

***Ons reeks sovêr oor Jakobus:***

1. Beproewings – Die dinge wat van buite kom om ons te laat ly en te toets.

2. Versoekings – Die dinge wat van binne ons kom wat ons verlei en verkeerd laat doen.

3. Om verantwoordelik ryk te wees – Ons verhouding met geld en hoe ons die armes moet bystaan.

"Julle moet doen wat die woord sê en dit nie net aanhoor nie, anders bedrieg julle julleself. Iemand wat altyd net die woord aanhoor en nooit doen wat dit sê nie, is soos een wat na sy gesig in 'n spieël kyk: hy bekyk homself, gaan van die spieël af weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het. Maar iemand wat hom verdiep in die volmaakte wet wat 'n mens vrymaak, en hom daaraan hou en nie vergeet wat hy hoor nie, maar dit doen, hy sal gelukkig wees in wat hy doen."
***Jakobus 1:22-25 (AFR83)***

## DIE BYBEL IS SOOS 'N SPIEËL

"Maar iemand wat hom verdiep in die volmaakte wet wat 'n mens vrymaak,
en hom daaraan hou en nie vergeet wat hy hoor nie, maar dit doen,
hy sal gelukkig wees in wat hy doen."
***Jakobus 1:25 (AFR83)***

1. ***Diep in te kyk.***

*parakypto* (παρακύπτω)

*Para* (παρα) Langs, of van die kant af.

*Kypto* (κύπτω) Om te buig, of vooroor te leun.

***Hoe kyk ek diep?***

- Lees stadig, verstaan die agtergrond, merk woorde, lees weer.
- Indien dit 'n storie is, betree die verhaal.
- Dink daaroor – herkou dit (mediteer) en skryf daaroor.
- Joernaal daaroor.

2. ***En dit te doen.***

"Dan is daar die mense by wie daar soos op goeie grond gesaai is,
wat die woord hoor en aanvaar en vrug voortbring, party dertig-,

party sestig- en party honderdvoudig."
***Markus 4:20 (AFR83)***

"Hierdie wetboek moet die rigsnoer wees vir alles wat jy sê. Oordink dit dag en nag en sorg dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan. Dan sal jy slaag in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees."
***Josua 1:8 (AFR83)***

"Jy moet hierdie wetboek van vroeg tot laat lees. Dink dag en nag daaroor na en maak seker dat jy alles doen wat daarin geskryf staan. Dan sal dit met jou goed gaan. Dan sal jy sukses behaal."
***Josua 1:8 (DB)***

"Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie, nie met sondaars omgaan en met ligsinniges saamspan nie, maar wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink."
***Psalm 1:1-2 (AFR83)***

***Lees jou Bybel en bid elke dag en jy sal groei, groei, groei …***

***Doen jou Bybel en bid elke dag en jy sal groei, groei, groei …***